# DIE HUWELIK



## *DINSDAG, 3 MAART 2025*

## *18:00-19:00, DE KAYAK*

***DS WYNAND FOURIE***


KOM LEER, GROEI & ONTDEK WAT SÊ KUNDIGES, GEWONE MENSE & DIE BYBEL OOR HIERDIE ONDERWERPE.

**LIGTE ETE BESKIKBAAR**

NAVRAE: ELSABE @ 0817018260

fresh

NES JY IS, WAAR JY IS



*Wees vriendelik*

# GEWAARSKU

Ons kyk vandeesweek na Hebreërs 5 & 6 met die derde waarskuwing in die boek van Hebreërs.

Lees Hebreërs 5:11-6:12 saam.

Wat staan vir jou uit in hierdie gedeelte?

Wat dink jy is die waarskuwing?

**Lees weer Heb 5:11-14.**

# HEBREËRS 5:12-14

WANT TERWYL JULLE TEEN HIERDIE TYD REEDS LERAARS MOES GEWEES HET, HET JULLE NOU WEER NODIG DAT IEMAND JULLE DIE GRONDBEGINSELS VAN DIE UITSPRAKE VAN GOD LEER, EN HET JULLE WEER BEHOEFTE AAN MELK, EN NIE VASTE KOS NIE. ELKEEN WAT MELK GEBRUIK, IS IMMERS ONERVARE TEN OPSIGTE VAN DIE BOODSKAP VAN REGVERDIGING, WANT HY IS 'N SUIGELING. MAAR VASTE KOS IS VIR VOLWASSENES, VIR HULLE WAT OOR DIE AANVOELING BESKIK, DEUR GEWOONTE GEOEFEN, OM TE KAN ONDERSKEI TUSSEN GOED EN KWAAD. '



Die skrywer waarsku die hoorders teen geestelike onvolwassenheid.

**Wanneer word iemand as volwasse in die samelewing beskou?**

**Waarna dink jy verwys *geestelike volwassenheid* dan?**

"… vir hulle wat oor die fyn aanvoeling beskik…

Deur gewoonte geoefen…

Om te kan onderskei tussen goed en kwaad…". *Wat staan hier vir jou uit?*

Net soos daar in die samelewing 'n verwagting is dat iemand op 'n stadium volwasse sal raak en optree, is daar ook 'n verwagting dat dit in jou geestelike lewe sal gebeur.



Dink maar aan ‘n ouer en kind.  Dis heeltemal binne perke as ‘n 3-jarige sy speelgoed rondgooi en met ‘n roomys of bederfie stilgemaak word… maar as ‘n 15-jarige dit doen, is dit onaanvaarbaar.  Die ouer verwag van sy/haar kind om te groei, groot te word en op ‘n stadium self te begin doen wat hy/sy vir jare geleer en gewys is.

Net so verwag God van ons as gelowiges om te groei en volwasse te raak – ons karakters moet verander, ons moet sekere dinge vansself begin doen en verantwoordelikheid vat.

Geestelike volwassenheid is iets wat ons MOET bereik, KAN bereik en ons gaan kyk HOE ons dit kan bereik.

**Lees Hebreërs 6:4-6 en 13-20 weer.**




# TWEE DELE

## HEBREËRS 5:11 - 6:12

DIT IS IMMERS ONMOONTLIK OM HULLE WAT EENMAAL VERLIG IS, WAT DIE HEMELSE GAWE GESMAAK, EN DEEL GEKRY HET AAN DIE HEILIGE GEES, EN WAT DIE GOEIE WOORD VAN GOD GESMAAK HET, EN OOK DIE KRAGTE VAN DIE KOMENDE BEDELING, EN DIE TOG AFVALLIG GEWORD HET, WEER OPNUUT TOT BEKERING TE BRING; AANGESIEN HULLE WAT HULLESELF BETREF, DIE SEUN VAN GOD OPNUUT KRUISIG EN OPENLIK TOT SKANDE MAAK. '

HEBREËRS 6:4-6



# GOD SE DEEL

*Wat vertel hierdie teksgedeeltes vir jou van God se deel, net soos die van ‘n vader, in die pad na geestelike volwassenheid?*

Jesus se kruisdood het verligting, die Ewige Lewe, die Heilige Gees, die krag van die wedergeboorte gebring… dis volbring. En in vers 13-20 kry ons die beloftes wat God daarmee saam gee.

God se deel is gedoen. Dit is afgehandel. Daar is niks meer wat Hy kan of hoef te doen nie. Die kruisdood en opstanding was perfek. Hy kan nie teruggaan en dit weer gaan doen nie. (Die Griekse woorde is in vaste verlede tyd geskryf.)

*Twyfel jy of jy gered is? Wonder jy soms of of jy in God se oë genoeg is? Dink jy jy is wedergebore?*

Die goeie nuus: Die redding is voltooi! Almal is gered! God se deel is gedoen.


JOB DONE



Maar nie almal aanvaar die redding en leef soos iemand wat gered is nie…

Wat word nou van jou verwag?  Om te groei!

Iewers moet ons oorgaan/ groei na ‘n volgende fase – dis ‘n organiese proses om meer en meer soos Christus te raak.  Dis ‘n aanvaarding en besef van wat Jesus vir jou gedoen het.

**Is jy gered?  Ja, jy is!  Gaan leef nou die lewe van iemand wat gered is!**

Kyk na Hebreërs 6:7-12.

WANT GROND WAT DIE REËN INDRINK WAT TELKENS DAAROP VAL, EN 'N BRUIKBARE OES VOORTBRING VIR HULLE OM WIE SE ONTWIL DIT BEWERK WORD, ONTVANG GOD SE SEËN. MAAR WANNEER DIT DORINGS EN DISSELS VOORTBRING, IS DIT NUTTELOOS EN NABY VERVLOEKING. DIE EINDE DAARVAN IS VERBRANDING. MAAR SELFS WANNEER ONS SÓ PRAAT, GELIEFDES, IS ONS, WAT JULLE BETREF, OORTUIG VAN BETER DINGE WAT BETREKKING HET OP VERLOSSING. GOD IS IMMERS NIE ONREGVERDIG NIE. HY SAL NIE VERGEET VAN JULLE ARBEID, EN VAN DIE LIEFDE WAT JULLE VIR SY NAAM BETOON HET, DEURDAT JULLE DIE HEILIGES BEDIEN HET – EN NOG STEEDS BEDIEN – NIE. ONS BEGEER DAT ELKEEN VAN JULLE ENDUIT DIESELFDE YWER SAL TOON OM TOT VOLLE SEKERHEID VAN DIE HOOP TE KOM, SODAT JULLE NIE TRAAG WORD NIE, MAAR DIE VOORBEELD VOLG VAN HULLE WAT DEUR GELOOF EN GEDULD DIE BELOFTES BEËRF. '

HEBREËRS 6: 7-12



# JOU DEEL

*Wat dink jy is jou deel ten opsigte van geestelike volwassenheid?*

Godsdiens sê “DOEN”… die evangelie sê “GEDOEN.”

*Prakties, hoe dink jy behoort jy anders te kyk na jou daaglikse wandeling met Jesus?*

Mense wat weet dat hulle in Christus gered is, leef daarvolgens.
*Reflekteer jou lewe jou identiteit in Christus? Hoe of hoekom nie?*

Ons was almal dood as gevolg van ons sonde. Deur Jesus Christus is ons lewend gemaak. Al wat ons nou kan doen, is om te groei en vorentoe te beweeg. Dis wat ‘n lewendige persoon doen. Dis nie ons dade wat van ons geestelik volwasse maak nie, maar ons verhouding en verbintenis met God.




Soms gaan ons deur seisoene van verskillende groei.  In die winter, dra ons dalk nie die vrug nie, maar as ons steeds in verhouding met God staan, groei ons steeds.  Dalk gaan jy deur ‘n droë periode in jou lewe, maar dis steeds voorbereiding en deel van groei.  Moenie opgee nie, daar is geen omdraai kans nie, jy kan nou net vorentoe!

Geestelike volwassenheid MOET gebeur

Geestelike volwassenheid KAN gebeur

Kyk na die volgende fases van hoe geestelike groei en bespreek elkeen.




HOE GROEI EK GEESTELIK?
VERDIEP IN DIE WOORD
INGEWEEF IN 'N GEESTELIKE GEMEENSKAP
VOLHARD DEUR TOETSE EN OEFENING
'N LEWE VAN LOF & AANBIDDING

Let op die woorde “verdiep”, “ingeweef”, ”Volhard” en “leefwyse”…. Dit verwys na aanhoudende, deurlopende, voortvloeiende aksies… ‘n proses. God se deel is afgehandel, joune moet “uitgewerk” word.

Hou aan om die Woord te lees van verskillende hoeke en oor en oor. Bly binne ‘n geloofsgemeenskap wat jou kan vorm. Volhard deur moeilike en droë tye – dis wanneer jy groei! Ons loof en aanbid nie net nie, ons lewe spreek van diensbaarheid, opoffering en verheerliking van God.

*Waarin dink jy moet jy nog groei?*

# REFLEKSIE:

## DOEN JY JOU DEEL?



Dink nou ook aan ander areas van jou lewe:

- *Tree jy volwasse in jou huwelik op?  Doen jy jou deel?*
- *Tree jy volwasse in jou werkplek op?  Doen jy jou deel?*
- *Tree jy volwasse in jou vriendekring op?*
- *Hoe lyk groei en volwassenheid in hierdie areas van jou lewe?*

Hou op om kinderagtig te wees…. Word groot!  Dit word van jou verwag, God gee jou die wil en die gawes om dit te kan doen.  Doen dit nou…

GEBED.


*Here, baie dankie vir wat U aan die kruis vir my gedoen het en dat ek volkome gered is.  Ek kan nie uitvee wat gebeur het of hoe ek opgetree het of die foute wat ek gemaak het nie, al wat ek kan doen, is om te leer en te groei en voort te gaan om my identiteit in U te vind en meer en meer soos U te word.  Amen.*

# EFESIËRS 2:1-10



# TITUS 3

# 2 PETRUS 1



# LEEF & Beweeg

fresh

NES JY IS, WAAR JY IS